

29 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 3:7-4:11

Fokusgedeelte: DL, 3/4:8

God roep selfs die hardkoppiges!

Jesus self het gesê dat baie geroep is, maar min uitverkies is. Dit beteken nie dat dié wat nie uitverkies is nie met minder erns as die uitverkorenes geroep word nie. Nee, wanneer God mense tot bekering roep deur sy evangelie, dan roep Hy met erns: "Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe kom." Aan almal wat hierdie roeping gehoorsaam word belowe dat hulle die ewige lewe en saligheid sal ontvang.

God roep dus selfs die hardkoppiges (Heb 3:7-8): "Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie ..." Dié wat hulle hardkoppigheid laat staan en op die roeping antwoord sal God se ewige rus ingaan. Dié wat hardkoppig bly, soos die Israeliete in die woestyn hardkoppig gebly het, sal beslis nie in God se rus ingaan nie. Hulle sal die ewige dood sterf.

Daarom kry ons ook die opdrag (Heb 3:12-13): "Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. Maar solank daar nog 'n 'vandag' is moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie."

Ons het dus die opdrag om dié wat besig is om van God weg te dwaal, op te roep om hulle hardkoppigheid te los en in die geloof te volhard. Dit is nie altyd maklik nie, maar omdat ek weet dat God my ten spyte van my sonde gered het deins ek nie daarvan terug om die evangelie aan ander te bring nie. Met wie gaan u vandag 'n afspraak maak, sodat u die evangelie aan hom of haar kan bring?

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~